# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

1 Maart 2024 Uitgawe: 7/1/2024

## UIT DIE KANTOOR

So kom ons aan die einde van ’n baie besige Februariemaand.

Vandag het ons Wêreld-biddag vir vroue gevier met ’n spreker wat ’n boodskap vir ons dogters gebring het. Dit is vanjaar die 94ste jaar wat hierdie geleentheid gevier word. Daar is ook ’n geleentheid geskep waar met die seuns gepraat is oor hoe ’n dame hanteer moet word wat ook ons waarde van respek beklemtoon. Beide seuns en dogters het baat hierby gevind.

**Atletiek:**
Baie geluk aan al ons atlete wat Saterdag aan die Vrystaat Kampioenskappe in Sasolburg deelneem. Alle sterkte word jul toegewens. Hou Tjokkies se naam hoog.

**Toetsweek:**
Die toetweek vir die Gr. 4-7 leerders begin op Maandag, 4 Maart. Die ouers moet asb. kontroleer dat kinders hulself goed voorberei. Let asb. daarop dat buitemuurse aktiwiteite gedurende toetsweke normal voortgaan. Dit is slegs tydens formele eksamens dat buitemuurs stop.

**Beheerliggaam verkiesing:**
‘n Vriendelike herinnering aan ouers dat op Donderdag, 7 Maart vind ons Beheerliggaamverkiesing plaas. Ons het opgetel dat daar 88 ouers is wat geen epos-adresse op hul datavorms ingevul het nie. U sal nie kan stem sonder ’n persoonlike epos-adres nie. Indien u onseker is of u wel sal kan stem, kontak asb. vir Liezl Boshoff by die Kantoor.
’n Video van hoe die stemproses gaan verloop, sal weldra aan u gestuur word.


## ANDER

Ouers wat bereid is om op die Beheerliggaam verkies te word, moet asb. sorg dat hulle nominasievorms so gou as moontlik by die Kantoor ingehandig word.  Nominasies sluit Woensdag, 6 Maart 2024 om 08h00.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 1 Mrt.: | Trompsburg swemgala |
| 1-2 Mrt.: | Tennistoernooi te Grey Kollege |
| | Tjokkies Rolbaldag |
| | o/7 Rugbydag te Fichardtpark |
| | Vrystaat Atletiek Kampioenskappe te Sasolburg |
| 4 Mrt.: | Toetsweek vir Gr. 4-7 begin |
| | BL. verkiesing – personeel |
| | Rugby aandliga o/11B-span (H/S JF) |
| 5 Mrt.: | Rugby aandliga o/13B-span (H/S JF) |
| 6 Mrt.: | Dept. Gesondheid besoek Gr. 5-leerders |
| | o/10 & O/11 Netbal aandliga (WP) |
| | o/11 Rugby aandliga (WP) |
| 7 Mrt.: | BL. verkiesing – ouers |
| 8 Mrt.: | H/S Jim Fouché Opedag (Gr. 7's) |
| | GSF-Oupa- en Oumadag |
| | SVS o/12 Hokkieproewe |

# VERJAARSDAE



1 Mrt.: Mev. Beaulah du Plessis (Admin.)

KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756
E-posadres:
kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Ek weet nie van jou nie, maar die lewe is baie maal besig, ‘n gejaag, dis uitputtend, moeilik en soms hartseer.

Ons verstaan nie altyd die Here se wil in hierdie onseker wêreld nie.

Psalm 23 wys duidelik wat is die Vader se goeie wil vir ons:

- Dit is Sy wil om vir ons ‘n Herder te wees wat in ons fisiese, geestelike en emosionele behoeftes voorsien, sodat ons niks kortkom nie (v1)
- Dit is Sy wil om ons na rus en vrede te lei (v2)
- Dis Sy wil om ons siele te verkwik en nuwe lewenskrag te gee (v3)

As dit dan die waarheid is, hoekom sien en beleef ons dit nie meer in ons lewens nie?

Miskien is dit tyd dat ons stil word en weet dat die Here God is (Psalm 46:11). Miskien moet ons ophou op ons eie krag en insigte staat te maak, en eerder op die Here vertrou (met ons hele hart) (Spreuke 3:5). Miskien as ons op die Here wag, kry ons nuwe krag (Jesaja 40:31).

Gebed:

Jesus, ons weet U is ons antwoord, ons weg, waarheid en ons lewe! Jammer dat ons Goliat in ons eie krag probeer wen. Jammer dat ons U nie altyd volg waar U ons lei nie. Ons weet U wil vir ons is goed. Help ons om U woord saam met geestelike familie te gehoorsaam!

Amen

# KLEUTERSKOOL




TJOKKIE-SOKKIE
Black and white
15 MAART 2024 OM 18H30
R220 per paar
Ligte ete ingesluit
Bring eie peuselhappies,
drinkgoed, ys & glase
Whatsapp Blanche om te bespreek | 072 505 2247
Geen Kinders | Kleredrag: Semi-formeel

# SNUFFELS


Hoërskool Jim Fouché
OPEDAG
JF: meer as 'n skool, dis 'n leefwyse!
8 Maart
11:00 - 12:30
JF Skoolsaal
Ons sien uit
na ons Graad 8's
2025
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
JF Amptelik Toeka tot nou
#TROTSJF
HOOF@JF.CO.ZA
0515021760


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Email: admin@bfnmotors.co.za | tel: 051 447 7042